Sy's 'n liedjieboer

Met 'n lied in haar hart en senuwees van staal het Fran Carstens deelgeneem aan die ATKV se Crescendo*Kreatief*-kompetisie en as wenner uit die stryd getree.

Waar het jou liefde vir musiek begin?
Op die vloer in ons sitkamer voor my ouers se platespeler, met 'n doek om my agterstewe en oorfone oor my ore groter as my kop. Daar het ek gesit en luister na Carike Keuzenkamp se *Byeboerwa* en David Kramer se *Royal Hotel*.

Vanwaar jou eerste liedjie?
Dit was 'n liefdesliedjie op sestien, vol "ek is lief vir jou's" en "ek kan nie sonder jou nie's" en baie clichés!

Dit was jou tweede deelname aan Crescendo*Kreatief*...
Ja, ek het soveel geleer by die eerste slypskool wat ek bygewoon het en het gevoel dat dit 'n goeie maatstaf sou wees om 'n tweede keer in te skryf. Ek wou seker maak dat ek op die regte pad is met my liedjieskrywery.

Vertel ons meer oor jou wenliedjie?
Die titel is *Sit by my*. Ons het 'n opdrag gekry om uit te brei op frases wat ons in een van ons praktiese sessies geskryf het. Die sin wat ek gekies het, was "Vertel my wat makeer." Ek het op die stoepie gaan sit, oor die berge uitgekyk en gewens ek was nie alleen nie. En daar kom die eerste reël in my kop: "Trek vir jou 'n stoel nader, kry vir jou 'n whiskey en water." Ek wou die persoon met wie ek in die liedjie praat, gemaklik laat voel as hy dan nou sy hart teenoor my wil oopmaak. Toe volg: "Soms is dit alles oukei om stil te sit en stil te bly." En vandaar het ek uitgekom by die trefreël in die koortjie wat só klink: "Sit by my met jou seer."

Wat kon jy by die slypskool-fasiliteerders leer?
Ek het die voorreg gehad om by my twee gunstelingliedjieskrywers, Lize Beekman en Karen Zoid, te leer. Lize het my geleer hoe om my liedjies woord vir woord en stukkie vir stukkie te ontleed, uitmekaar te skeur en weer reg aanmekaar te sit sodat die boodskap duidelik by die luisteraar uitkom. By Karen het ek geleer om altyd eg te bly, en om my hart en siel uit te stort in elke liedjie wat ek skryf.

Wat is jou raad aan aspirant-musikante wat vanjaar wil deelneem?
Skryf jou hart uit. Gebruik goeie taal want mense hunker na goeie Afrikaanse musiek waarin die skrywer die taal met liefde gebruik. Skryf oor dinge wat jy ken. Vergeet wat jy dink jy weet. Stuur jou ego by die agterdeur uit en kry vir jou goeie klankborde – mense wat eerlik en sag vir jou sal kan vertel wat hulle van jou liedjies dink. En laastens: Luister, leef, leer en skryf!

Volg haar by www.facebook.com/FranCarstensMusiek

@francarstens

Inskrywingsvorms vir Crescendo-*Kreatief* 2013 is beskikbaar by http://bit.ly/UPWtUv